

# KUBERIKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Heb 13:5b-6 God self het gesê:

"Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."

Daarom kan ons met vertroue sê:

"Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?"

## **Kortpad** Arbeidsondag Deurdankoffer vir Maranatha

05 Mei 08h30 Eietydse diens Kleuterkerk  
05 Mei 09h45 Kategese  
05 Mei 10h00 Klassieke diens

## **Nog belangrike datums**

**Kommunikamma 5 Mei 2019**

## **Saam op pad vir Christus**

**Preke:** Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

## **Sake vir gebed**

Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

## **There4-Bedieninge: gebedsversoek vir Saoedi-Arabië**

Ons bid saam met Christen-bekeerlinge in Saoedi-Arabië dat God die pad vir hulle sal voorberei om die evangelie effektief met hul familieledede te deel. **Foto**

## **Aksie België vir Christus**

### **Aksie België vir Christus**

Lees in Ferdi en Ronel se Nuusbrief vir Mei 2019 oor die hartseer tye wat hulle saam met hulle hartsmense beleef het, die mense van België en Middelburg wat diep in hul hart ingekruip het en oor Oups Ferdi wat sy kleinseuns en sy Volla geniet.

Loof en dank die Here sonder ophou vir die 100 jaar waarin honderde sendelinge die Evangelie in België kon versprei. Dank die Here vir ABC se rol sedert 1993 in hierdie land. Bid vir die koffiewinkel "Expresse" waar Genevieve Bouvy en haar vrywillige werkers die Evangelie op 'n nuwe manier aan mense bedien.

Gebedsversoeke vir Mei 2019

## **FEBA Radio Suid-Afrika**

FEBA Malawi, Pakistan en Indië is die Gebedsfokus vir Mei 2019. FEBA Radio Suid-Afrika gaan verskeie ondersteunersbyeenkomste vanjaar hou, soos byvoorbeeld die 1ste September in Port Elizabeth.

## ***Padlans*** Gebed om versoening

Versoening is nie opsioneel in God se boek nie, maar dis so moeilik vir ons om verby ons verskille te kyk. Waar staan jy? Is dit meestal 'n geval van: Ek is lief vir God, maar haat my buurman, my vyand of enigeen wat nie inpas by my omskrywing van "ek, my en myne" nie? Of gaan ek my laat lei deur die opsomming van die tien gebooe ongeag wat dit van my vra, so help my God? [Gebed om versoening](#)

## ***Padkos*** Jesus se droomrolle vir jou

Jesus se droomrolle vir Sy dissipels in Markus 8-10 is nie omskrywings soos "suksesvolle prediker," "godsdiensstige skaretrekker," of "geestelik-betitelde" nie. Sy droomrolle is dié van kruisdraer, bediende en slaaf. Om Jesus se kruis te dra is ons nuwe identiteit. (Markus 8 vers 34). Of bediendes, soos wat Jesus in Markus vers 35 van ons vra. Tog stel ons nie regtig daarin belang om Jesus se bediendes te wees nie. As onself bedien-des nodig het, huur ons hulle sommer. Ek meen, wie wil hulleself bekendstel as 'n bediende? Of as 'n slaaf van almal, soos wat Jesus in Markus 10 vers 43 van ons vra. Wie wil vrywilliglik ander mense se slaaf wees? Wil jy die antwoord weet op bogenoemde vrae? Wel, hier's dit: Jesus! Hyself wil 'n slaaf en 'n dienskneg van mense wees. Nee wag, Hy is dit. Jesus sê in Markus 1 vers 45 Hy is die dienskneg uit die hemel. Sy lewe en sterwe is een van bediende-wees en slaaf wees tussen ander en vir ander. Volg Jesus reg, dan sal jy verstaan wat dit beteken om vry te wees. Dien God en ander soos 'n slaaf van Jesus, dan sal jy vry raak van jou angstige, selfsug-aangedrewe leefwyse. Dan sal jy ervaar Jesus se las is lig.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert [www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)]

## ***Kuβergroete tot volgende keer***

[2019-05-05]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.

[www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)